**Gereformeerde Kerk Rietvallei**

# RIETFLUIT

**Augustus 2026**



https://www.facebook.com/share/**1JnMKKgWvv**/?

# Redaksioneel

Sjoe, daar is nog ‘n kwartaal verby en ons het, as Gemeente, weer die geleentheid om Nagmaal te gebruik en so snel die jaar ook ten einde.

Wanneer ‘n mens na die natuur kyk dan kom die Grootheid van God duidelik na vore. Daar is seisoene wat op mekaar volg en ons gaan nou in die lentetyd in laat die koue winters agter. Elke seisoen het sy tyd en sy mooiheid, ons sien dit ook op die voorblad waar Renosterberg in die Ooskaap bedek is met sneeu en die plantegroei op die voorgrond smag na die vog wat die smeltende sneeu sal voortbring. So smag ons as mens ook na die liefden gena de wat ons uit die hand van die Here ontvang. Die woorde van Psalm 121 kom ook in my gedagte op as ek die berg sien. En dit is tog so waar, ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde uit niks geskep nie.

Die almag van God wat ons in die Skepping sien word ook sigbaar in ons eie lewens deur die Genade van God wat ons ontvang en dat Hy vir ons as individue sorg, iets wat ons verstand te bowe gaan.

In hierdie uitgawe van die Rietfluit hoor ons wat ‘n klompie van ons senior lidmate oor hulle lewens vertel. Dit is baie interessant om hulle lewensverhale te lees. Ek hoop dat julle dit ook sal geniet. Daar is ‘n lyn wat deur almal se geskiedenis loop, alles was nie altyd maklik nie, daar was swaarkry en hartseer maar die liefde en genade van God is altyd daar - **GENADE ONBESKRYFLIK GROOT**. Voorwaar mense waarna ons as Gemeente kan opsien.

Soos met alle dinge in die lewe is daar ‘n tyd om te kom en ‘n tyd om te gaan - hierdie is die uitgwe van die Rietfluit wat ek saamstel. Hierdie sal die 23ste uitgawe wees wat ek saamstel en daar was in die afgelope amper ses jaar baie hoogtepunte :

- een wat soos ‘n paal bo water staan is die uitgawe waarin die belydeniskatkisante hulle belydenis deel. Dit was voorwaar ‘n voorreg om dit te hoor;
- die getuienis van ons senior lidmate;
- die blootstelling aan die verskillende uitreike van die Gemeente;
- die terugvoer van gemeente-aksies soos kampe en jeugaksies, viering van vrouedag, susteraksies en onthaal van die seniorlidmate;
- die jaarlikse deelname aan die Dopperspele, waar ons Gemeente alreeds verskeie kere as die wenners uitgestap het. As wenner maak dit ons natuurlik die wêreldkampioen;
- ons kon saam met baie egpare die vreugde van ‘n huwelik van meer as 50 jaar beleef; en
- die Dednam-egpaar vewelkom in ons midde.

Natuurlik was daar ook tye van hartseer in ons Gemeente, lidmate wat gesterf het en hier dink ek spesifiek aan die dood van Ds Petrus in 2022 en dié van Zané de Jager vroeër hierdie jaar.

Dit sal onvanpas wees om nie dankie te sê aan al die gemeentelede wat so gereeld bydraes gestuur het nie. Op die ou einde het ek ‘n baie maklike taak gehad, ek moes net die bydraes in die regte formaat plaas en na die drukkers toe stuur. Dankie ook vir V&R Drukkers wat partykeer op kort kennisgewing die Rietfluit druk.

Die frase wat baie in die Bybel voorkom is “Die frase wat die meeste in die Bybel voorkom is: “moenie bang wees nie.” Dit word vir my soos mooi verwoord in die teksvers wat vir my persoonlik baie beteken, naamlik, Jesaja 40:11 “*Soos ‘n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar en Hy dra hulle teen Sy bors, Hy sorg vir die lammerooie*”

Dit was vir my lekker om die Rietfluit saam te stel, lekker lees en geniet hom.

Pieter en my assistent, Sebastiaan



# Senior Lidmate wat die afgelope kwartaal verjaar het

Ons het hulle gevra om bietjie van hulleself te vertel. Hulle stories vertel van gelukkige jare maar ook van moeilike tye en ook geloof, geniet dit.



**Pattie Dietzsch**
**3 Junie - 86 jaar**

My kom vandaan is die Oosrand – Nigel. Anna Elizabeth Smit – word Annabat, later sommer Pattie.

Laerskool Dunnottar, Hoërskool Nigel.

Ek trou met Johannes Petrus van der Walt van Heerden (Jan) en ons maak 'n draai in Kuruman en verhuis na Pretoria toe Jan 'n betrekking aan die Universiteit van Pretoria aanvaar.

Ek was vir 31 jaar werksaam in 'n paar apteke, het 'n kursus as skoonheidskonsultant gedoen en steeds sanglesse geneem en was lid van die Admusicum koor.

Ek was vir 6 jaar op die hoofbestuur van Dames Aktueel en het as deel van my verpligtinge die Grens besoek, wat 'n belewenis, en ook op die bestuur van Vroue vir Suid-Afrika. Was ook voorsitter van my Dameskring tak. Het ook op sustersbestuur gedien en dikwels as voorsitter waargeneem.

Jan sterf in 2012 en in 2014 tree ek in die huwelik met Carl Heinrich Dietzsch, hy sterf in 2020. Ek is kinderloos maar steeds dankbaar vir ons Here vir oorvloedige liefde en genade.



**Betsie vd Elst**
**8 Junie - 85 jaar**

Ek is op 'n ysige winternag in Steynsburg in die Noord-Oos-Kaap gebore. Tot my 12de jaar het ek op die plaas Bultfontein gewoon. Ek was 'n buitelug dogtertjie wat baie perdgery het en al agter my pa aan was en so al die  fasette van 'n skaapboerdery in die Karoo beleef het  My ma he nie veel sukses met my en naaldwerk gehad nie. Later het ons op die plaas Teebuswaters gewoon. Dié plaas het byna in die skaduwee van die bekende Teebuskop gelê. My skooljare was op die dorp in onder andere  Die Hoërskool Paul Kruger. Ek het gematrikuleer aan die Hoër Volkskool, Graaff-Reinet. Daarna die PU vir CHO en Rhodes  Universiteit. Ek het skoolgehou in Port Elizabeth. Na ons troue  is ons na Utrecht , Nederland waar my man sy studies voltooi het en ek 'n tweeling gekry het. Daarna het ons na 32 jaar verbonde aan die Universiteit in Potchefstroom na Pretoria verhuis. Ek het ongelukkig  intussen my man verloor, maar woon alweer 21 jaar in Pretoria as lidmaat van die gemeente Rietvallei.



**Nico Engelbrecht**
**8 Junie - 84 jaar**



**Piet Jordaan**
**13 Junie - 85 jaar**



**Marina vd Walt**
**15 Junie - 90 jaar**



**Elsa vd Bank**
**16 Junie - 85 jaar**



**Hanna Potgieter**
**8 Julie - 89 jaar**



**Emerentia Venter**
**11 Julie - 96 jaar**



**Pieter Basson**
**23 Junie - 84 jaar**

Ek is in 1942 gebore en het op my ouers se plaas in die Hartbeesfontein-distrik grootgeword.(Dit naby Klerksdorp in die ou Wes Transvaal). Na laerskool op Hartbeesfontein is ek na Klerksdorp Hoërskool en het in 1960 daar matrikuleer. Hierna is ek in 1961 Stellenbosch Universiteit toe en daar ingeskryf vir 'n BCom kursus en in 1963 daar graad ontvang. Weens gesondheidsredes van my ouers moes ek in 1964 terugkom en het vir 'n honneurskursus by die Universiteit van Pretoria ingeskryf en ook die voorreg gehad om 'n klein salaris te verdien toe ek met besprekingsklasse in geld en bankwese gehelp het. In 1965 het ek voltyds in die Bronkhorstspruit-distrik begin boer en ook later grond in die Potgietersrus-distrik bekom en 12 jaar later ook die grond naby Bapsfontein gekoop waar ons nog woon. Die boerdery is net voor my 80ste verjaardag aan ons kinders oorgegee en ons het toe afgetree.

Emma is in 1944 gebore en het op 'n buurplaas hier naby ons grootgeword. Sy het haar laerskoolloopbaan op Irene voltooi en is na Afrikaans Meisies Hoër waar sy in 1961 matriek voltooi het. Hierna het sy vir die BA Verplegingkursus ingeskryf en in 1965 aan Tuks haar graad ontvang. Ons is in 1966 in die Paul Krugerkerk getroud en het vandaar saam vir 60 jaar ons aan boerdery gewy.



**Emma en Pieter met 'n onlangse byvoeging van 'n agterkleinkind**

Ons het een seun en vier dogters grootgemaak waarvan vier aan die Universiteit van Stellenbosch gegradueer het en een dogter op Hugenote Kollege op Wellington was. Ons was vir baie jare bevoorreg om in die kerk en samelewing te kon dien en het ook buite ons loopbaan in direksies, skoolkomitees, kultuurorganisasies en veral in Landbouorganisasies deelgeneem. Ons is dankbaar om in die Rietvallei Gemeente en die plaaswyk te kan wees en probeer om nog so veel as moontlik eredienste by te woon.

# Nog Senior Lidmate wat die afgelope kwartaal verjaar het



Louis Vorster
5 Julie - 80 jaar

Ek is gebore en het grootgeword in Rustenburg. Ons was lidmate van die moedergemeente van die Gereformeerde Kerk Rustenburg. Ek is vernoem na twee van my voorsate. Die een is my oupa Ignatius en die ander is sy halfbroer, wyle dominee L.P. Vorster. Beide was stoere doppers. Ek het 'n Christelike opvoeding gehad wat vandag nog neerslag vind in my lewe.

Ek het in 1964 gematrikuleer en is die volgende jaar na die Leërgimnasium vir militere opleiding. Daarna is ek na die PU vir CHO om regte te gaan studeer.

Gewapen met LlB het ek besluit om as Prokureur te praktiseer. Ek het aangesluit by 'n prokureursfirma in Pretoria en het gekwalifiseer as Prokureur, Notaris en Aktevervaardiger gedurende 1972. Ek het daar gepraktiseer vir 4 jaar en is toe na Pietersburg waar ek gepraktiseer het tot in 1980. Gefrustreerd met die rompslomp van 'n prokureurspraktyk, het ek my laat toelaat as avokaat. Ek is toegelaat as advokaat en het begin praktiseer in Pretoria op 1 Maart 1981. My praktyk was hoofsaaklik siviel en gerig op waterdispute en grondgebruiksregte. In 1992 het ek seniorstatus verkry. Na aftrede het ek meermale waargeneem as regter in Pretoria, Johannesburg, Venda, Makhado en Palm Ridge, waar ek kriminele en siviele sake moes hanteer en beslis.

Ek is getroud met Ria in 1974, en na byna 52 huweliksjare is ek dankbaar om te sê sy is steeds my steunpilaar. Ons het twee kosbare volwasse kinders, Henning en Maritha.


In my vrye tyd was ek 'n ywerige jagter en hengelaar. Ek het kliënte gehad wat wildplase gehad het en gereeld gevra het wanneer kom ek dan jag. So was ek in die bevoorregte posisie dat ek kosteloos gejag het vir baie jare.

Ek het graag in die see gehengel en ook in varswater waar ek veral in die laaste jare my op vlieghengel in die Vaalrivier toegespits het. Om in 'n stroomversnelling in die Vaalrivier te staan met net n besemstok om jou te stabiliseer terwyl jy die stroom gebruik om die vlieg te navigeer, is 'n ondervinding wat jy nie vergeet nie.

Humor is vir my 'n belangrike bestanddeel van die lewe. Ek sal 'n ware ondervinding wat ek gehad het met julle deel. Dit kom uit die jaar in my lewe wat ek die meeste gelag het, naamlik die jaar in die Leërgimnasium. Ek was toegewys as 'n bestuurder van vragmotors toe ek daar aankom. Een van die werksaamhede van die bestuurders was om nuwe voertuie in Port Elizabeth te gaan haal en te bestuur na Pretoria. Daar was reëls vir die oefening. Een reël was om in tussenspasies van een voertuiglengte te beweeg totdat die konvooi die stedelike gebied verlaat.

Ek was die bestuurder van 'n groot Bedford vragmotor. Ons was in Randfontein en het stadig beweeg. Ek sien toe 'n Volkswagen van agter aankom. Toe dit langs my kom het ek "gebackfire". Dit word gedoen deur in lae rat te versnel, af te skakel en dadelik weer aan te skakel. Dit veroorsaak 'n harde knal en soms 'n vlam uit die uitlaatpyp. Toe die Volkswagen langs my kom, sien ek daar is 'n Majoor, 'n Kaptein en 'n Kommandant in die kar. Onnodig om te sê, word ek toe aangekla in die Krygshof. Ek het onskuldig gepleit. Ek is toe gevra hoe ek dan die knal verduidelik. Synde net na matriek en vol natuurwetenskaplike kennis, vertel ek toe die volgende storie:

Lugdruk het 'n invloed op die tydsmeganisme van petrolenjins. By Port Elizabeth, langs die see, is daar een atmosfeerdruk, oftewel 76cm kwik. Die lugdruk val met ongeveer 1cm kwik per 1000 voet bo seespieël. Daar was geen verstelling van die tydsmeganisme sedert ons weg is uit Port Elizabeth nie .In Randfontein is ons naastenby 4500 voet bo seespieel. Dit volg dat die lugdruk geval het met 4.5cm kwik en dit veroorsaak defektiewe tydsmeganisme in die brandstofontsteking wat 'backfiring" kan veroorsaak. Ek was besig om 'n gaping tussen my en die voertuig voor my te verklein volgens die instruksie, het versnel en in die proses, nie oorgegaan na volgende rat nie maar voet van petrolpedaal afgehaal. Dit het die knal veroorsaak. Hulle het my natuurlik nie geglo nie, maar het ook nie die saak met my geargumenteer nie. Gevolglik kon ek nie skuldig bevind word nie. Om hulle misnoeë te toon, het hulle my toe gevonnis tot R1 vir rusverstoring.



Peet Berg
14 Julie - 84 jaar

Ek is in die Delmas omgewing op 'n plaas gebore, waar ek dan ook skool gegaan het tot standerd 8. Hierna is ek na Hoërskool Volkskool Heidelberg waar ek gematrikuleer het.

Mei 1961 kry ek werk by Sasol te Sasolburg. Ek begin my loopbaan as operateur betrokke by die bedryf van een van Sasol se produksie eenhede. Die begin van 'n baie interresante loopbaan. 'n Ondekkingsreis met die gepaardgaande persoonlike ontwikkeling. Uit my geaardheid het ek intens belanggestel om meer te weet van dit waarmee ons te doen het. By Sasol het ek die geleenthede gekry om my kennis uit te brei en waardevolle ondervinding op te doen. Hulle het my ook die geleentheid gegee om 'n tegniese diploma in Chemiese Ingeneurswese en aanlegbediening te verwerf, aan die Vaaldriehoekse Kolllege. Hierna was my loopbaan pad oop en ek kon baat vind in Sasol se groei, ontwikkeling en uitbreiding. As Proses Veiligheids - en Risiko Spesialis, betrokke by Sasol Tegnogie en Projekte, tree ek af (uit) na 43 jaar en 4 maande se diens by Sasol.

<u>My kerklike pad</u>

Op die hoë ouderdom van 32 jaar (1974) word ek verras om per approbasie as ouderling bevestig te word in die Gereformeerde Kerk Sasolburg. Ek beland aan in die diepkant as Ouderling

1) My eerste wyk bestaan onder andere uit senior lidmate en selfs twee wyse ouderlinge. My eerste huisbesoek kry eers 'n uur lange kursus hoe om perskebome te snoei

2) Ek word getaak om saam met ds Alwyn Smit, die onderrig van die belydeniskatkisante te hanteer.

Gedurende 1978 plaas Sasol my oor na Sasol 2 te Secunda en ek neem ontslag as Ouderling. Ek verhuis na Secunda. Binne drie weke na ek aanmeld by die Gereformeerde Kerk Evander

# Nog Senior Lidmate wat die afgelope kwartaal verjaar het

(wat toe verander is na Gereformeerde Kerk Secunda) is ek bevestig as Ouderling. Met ds Nico Lighthelm aan die stuur kom die kerk bou ter tafel. Ek raak betrokke by sommige van die aktiewiteite rakende die bouprojek. Die Gereformeerdes sit die ander kerkgroepe ore aan deur eerste 'n kerk te bou in Secunda. Uiteraard met die massiewe toeloop van mense na Secunda, erf ons ook lidmate met probleme wat die Kerkraad moet hanteer. So moes ek en ds Nico een aand koes vir vlieënde potte. Met my aftreede by Sasol verhuis ons na Nelspruit. Kort na ons in Nelpruit arriveer is ek weer bevestig as Ouderling in die Gereformeerde Kerk Nelspruit. Junie 2011 verhuis ons na Hartbeespoort en dien daar as Ouderling tot April 2022, waarna ons verhuis na Pretoria Waterkloof Marina Aftree-oord. Na meer as 40 jaar diens as Ouderling is ek nou 'n rustende (emeritus) Ouderling



**Chrissie Ferreira**
**18 Julie - 86 jaar**

Ek is Chrissie Ferreira al lidmaat van Rietvallei vanaf 2005. Voorheen woonagtig in Elsburg en daarna in Brakpan. My man is daar oorlede in 1997 waarna ek my huis verkoop en Pretoria toe verhuis het waar albei my seuns gewoon het. Ek is ouma van 5 kleinkinders en tans 4 agterkleinkinders. Al die agterkleinkinders is dogtertjies en teen Desember DV sal daar nog met Ons Vader se genade nog 'n dogtertertjie wees. As Ons Vader my nog bewaar tot Desember sal dit my voorreg wees dat my twee seuns saam met my pensioenarisse sal wees. Al die Eer aan God Ons Hemelse Vader vir Sy seëninge en versorging deur die jare.

Pieter, my man, het na matriek vir 'n jaar diensplig gedoen en toe by die Papierfabriek begin werk en later jare die papiermasjiene in die buiteland gaan bemark. Ek het voor my huwelik in Johannesburg by die Poskantoor se Ingeneursafdeling gewerk. Ek het eers my seuns grootgemaak en toe my jongste seun Universiteit toe is het ek by Binnelandse Sake begin werk, en 14 jaar daar gewerk tot my aftrede. Daar het ek die skakelbord beman en die personeel se lêers asook die Predikante se huweliksregisters wat ingehandig is nagaan. Ek was ook vir 3 jaar een van 3 huweliksbevestigers nadat van die Landdroskantoorse werk oorgeplaas is na Binnelandse sake toe.



**Anna-Lucia vd Merwe**
**18 Julie - 83 jaar**

Anna-Lucia van der Merwe, 'n nooi Naudé, het op Heilbron groot geword en daar ook gematrikuleer. My pa het by Clover in Heilbron gewerk asook voorheen by Voorpos motorherstelwerke. My moeder het na die kinders groter was, by die Handelshuis gewerk. Al twee my oupas was boere in die Heilbrondistrik. 'n Mooi storie om ons moed te gee, was oupa Naudé wie se plaas tydens die Boere oorlog afgebrand is. Met sy terugkeer as krygsgevangene na die oorlog, het hy net die afgebrande opstal met 'n ysterkatel met wolmatras en hoender gekry, wat mos nie verbrand was nie. Daardie tyd het die regering ook grond beloof aan boere wat 12 seuns kon verwek. Ongelukkig het die ou mense nie by 12 seuns uitgekom nie, maar steeds voort geboer. Terwyl die 2 eerste kleingoed nog baie klein was en die oupa moes boer, alleen moes ploeg en osse inspan, het ouma elke dag saam gestap lande toe. Ouma was 'n klein vroutjie, maar het die twee kleingoed gedra asook 'n sinkbad op haar rug. Sy het lande toe gestap om oupa te help om die osse in te span. Sy het dan die kleingoed in die sinkbad gesit om nie rond en weg te kruip tydens die inspanproses nie. Na die inspan, is sy dan weer terug huis toe, met sinkbad en kleingoed, terwyl oupa met die osse ploeg vir die dag.

Ek het met die trein gereis na Pretoria vanaf Heilbron vir my studies aan die Normaal Onderwyskollege (NKP) en kwalifiseer as Hoërskool onderwyseres met Naaldwerk en Huishoudkunde.

Tydens studies ontmoet ek my eerste man, Sarel Jansen van Vuuren. Hy het ook onderwys studeer. Ons is op 9 Julie 1966 getroud. Na 'n jaar of twee in die onderwys, besluit ons om terug te keer na Hendrina en daar te gaan boer waar Sarel vandaan kom. Gedurende Julie 1967 was Sarel besig om die mielies te dors op sy oupa se plaas, buite Hendrina. Daar was fout met die dorsmasjien en Sarel wou iets regmaak. Die dorsmasjien het sy baadjie se mou gegryp en hom in die rondte geswaai totdat sy linkerarm afgedraai het. Hy was erg beseer en feitlik vermink. Net hy en die een werker was besig met dors. Die een werker het die trekker wat die dorsmasjien dryf het, afgeskakel en Hendrina toe gehardloop om die dokter te gaan roep. Sarel word met ambulanshelikopter saam met my aanboord na Pretoria geneem. Dit was so koud dat die bloedsakkies gestol het en ek moes dit in my hande warmhou tydens die vlug.

In Pretoria aangekom was dit 'n stryd om hom opgeneem te kry by die Zuid-Afrikaanse Hospitaal, omdat hulle gereken het hy is alreeds besig om te sterf. My swaer, 'n prokureur het met medici gepraat en gereël dat hy opgeneem word. Hy is egter oorgeplaas na die ortopediese eenheid in die HF Verwoerdhospitaal. So word hy vir bykans drie maande in Pretoria behandel. Ek was maar elke dag by hom.

Na inplantings van heup en been prostesis, penne en plate en penne en lang herstelproses is ons terug plaas toe en ek meer as net aktiewe boervrou, om my man te versorg wie nou net een arm gehad het en die ander arm kon hy nie regtig oplig nie. Ek moes hom daagliks help aantrek en hare kam.

Twee kinders, Lucia en Hannes volg. Sarel het 'n motorongeluk op die nat turf plaaspad gehad en nekwerwels gebreek wat veroorsaak het dat sy nek na een kant styf was. Hy het ook sy enigste hand erg beseer terwyl hy 'n skaap opgesaag het. Ten spyte van al die uitdagings, het die egpaar 'n vol lewe gehad, voort geboer en kinders groot gemaak.

# Nog Senior Lidmate wat die afgelope kwartaal verjaar het

Ons was baie betrokke in die gemeenskap.

Sarel wat dien as ouderling op die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Bethal, en ek as wyksuster se plaaswyk verg honderde kilometers se reis om by mense uit te kom. Ek word ook verkies as Voorsitter van die gemeente se vrouediens, waar ek vir baie jare die voorsitster was. Ek was ook baie betrokke by die Vroue Landbou Unie as voorsitster van Trichardt en later ook Secunda-tak en het ook gedien as bestuurslid van die streek.

Jare gaan verby en Saterdagoggend 9 September 1996 vind die groot tragedie plaas, as Sarel deur 'n Friesbul gestamp word vroeg oggend op pad na die melkstal. Hy sterf. Met my dogter reeds getroud en woonagtig in die Kaap en my seun besig met studies in veeartsenykunde, moet ek alleen verder die boerdery hanteer, terwyl ons seun, Hannes, sy studies verder voltooi en dan daarna die boerderye kon oorneem.

Ek verhuis na Secunda en is daar nog steeds verbonde aan die VLU as voorsitter van die tak.

Na seker sowat 12 jaar van weduwee, trou ek met my 2de man, Jan van der Merwe, die broer van my boesemvriendin. Ons vestig in Randburg waar Jan gewoon het.

Ons was betrokke by die Gereformeerde Kerk Randburg. Ons bak en verkoop beskuit en kersfeesvrugtekoeke vir ekstra inkomste vir vakansies en om die kinders en kleinkinders mee te bederf. Een Saterdag oggend, na meer as 17 jaar van geseënde en gelukkige huwelik, val oom Jan na duiseligheid terwyl hy na die beskuitbaksel se vordering in die oond kyk. Hy het 'n baie ernstige hartaanval gehad. Die dokters doen 'n noodoperasie om Jan te probeer red, maar oom Jan gaan ons vooruit 2 dae na die operasie.

Ek verhuis kort daarna na Pretoria en woon nou al net meer as twee jaar in Olive Crescent aftreeoord in Olympus.

Ek hou nog steeds van naaldwerk, hekel en brei. Ek bly besig deur klere te maak en truie te brei vir my, die kinders en kleinkinders. Ek brei ook nog brei Bid-beertjies vir skenkings aan verdienstelike organisasies wat kinders se lewens aanraak. Ek het van Januarie tot nou al meer as 130 beertjies gebrei. Dit is 'n prentjie om meer as 80 beertjies bymekaar op die bed te sien voordat hulle kinderharte moet gaan aanraak.

Ek is blymoedig, positief en optimisties en maak graag 'n verskil in iemand se lewe.



Francois Vermeulen
19 Julie - 84 jaar

Ek is in Krugersdorp gebore en op-gegroei in Groblersdal later in Pretoria. Laerskool Pres. Pretorius en hoërskool Affies. 1964 tot onderwys toegetree vir 25 jaar, begin op Northam en Groblersdal en Kinross.1965 met 'n Vrystaatse meisie, Marieta Fourie van Bethulie getroud. Sy is 2017 aan kolonkanker oorlede. Daar is 4 kinders, 2 seuns en 2 dogters, uit ons huwelik gebore.

Ons was deel toe Rietvallei afgestig is saam met ds Chris Hattingh en het saam alles belewe met kerkbou ens. In die tagtigs het ek tot die boubedryf toegetree. 1988 het ek 'n loodgietersbesigheid begin. My 2 seuns het later by my ingeval tot tans. Hierdie jaar het ek aan hulle oorgegee maar help nog in die kantoor en telefoon.

Ek het 'n groot belangstelling in motors en het vele opgebou en herstel. Ek is 'n groot Alfa Romeo entoesias en het my lewe lank, vanaf 1967, sulke motors besit en het steeds 4 in my besit waarvan 'n 1972, 1980, 1982 en 1999 model in puik toestand. Ek was een van die. stigterslede van die . ALFA ROMEO klub in Pretoria en vir meer as 20 jaar lid en ook vir 'n tyd tesourier van die klub. Tans het ek afgeskaal en vat dit nou maar kalm en rustig na baie geseënde jare van voorspoed en seën en geluk.



Kees Versteeg
27 Julie - 85 jaar

Ek is gebore op 27 Julie1941 in Berkel naby Rotterdam in Suid-Holland. Ek is die oudste van 3 kinders. Toe ek gebore is, was die Tweede Wêreldoorlog nog in volle swang. My pa was as jong man betrokke in die oorlog in 1940 en tydens die Duitse inval in Nederland is my pa-ulle verdryf deur België tot aan die kus waarvandaan hulle per skip vervoer is op pad na Engeland. Die skip is egter gebombardeer en hulle moes terugkeer na België waar hulle gevange geneem is en na 'n konsentrasiekamp in Duitsland geneem is. Hulle is egter vrygelaat en kon terugkeer na Nederland.

My pa was 'n potplantkweker van beroep en het sy eie bedryf gehad in Berkel.

Oom Jacob Toxopeus, 'n destydse bekende kweker in Stubensvallei, Roodepoort het in 1947 en later weer in 1953 Nederland besoek, met my pa kennis gemaak en my pa uitgenooi om na Suid-Afrika te kom en by hom te kom werk. A.g.v. die moeilike ekonomiese omstandighede in Europa na die oorlog het my pa later besluit om die hele gesin Suid-Afrika toe te verskuif. Ons het die familie in Nederland gegroet (dit het omtrent 'n maand geneem) en op 20 Oktober 1953 aan boord gestap van "Die Suiderkruis" wat heelwat kere heen en weer gevaar het met immigrante vanaf Amsterdam na Kaapstad. Die vaart het ongeveer 17 dae geduur en ek was die laaste paar dae lekker seesiek.

My noemnaam was altyd Kees en omdat ons gehoor het dat dit in Suid-Afrika ook 'n bobbejaan is, het ons probeer om my liewers Cor te noem maar dit het nie gewerk nie en ek is nog steeds Kees.

In Kaapstad aangekom, moes ons drie dae wag vir oom Jacob se kar om uit Nederland te arriveer om ons Roodepoort toe te vervoer. Die kar was 'n Dodge en hoewel nogal groot het 6 mense met hulle bagasie skaars ingepas. Een van die groot tasse moes op die agter sitplek saam met my ma en twee sussies staan. Die reis na Roodepoort het drie dae geneem deur die droë Karoo en Vrystaat in die middel van die somer

# Nog Senior Lidmate wat die afgelope kwartaal verjaar het

sonder enige lugversorging. Ek dink my ouers moes op hierdie stadium gedink het "wat op aarde het ons besiel?". Vir ons kinders was dit net 'n groot avontuur.

Ons is gehuisves op Strubensvallei kwekery wat aan oom Jakob behoort het. Ek was net een week in die Laerskool in Fairland in standard 4 voor die Desembervakansie aangebreek het en kon dus heerlik uitrus vir die volgende jaar. Die skoolhoof het gevra wat ons van is en dan sê ek : "van Nederland." Ons het nie verstaan wat hy vra nie; in Nederland praat ons van agternaam.

My pa het later die potplant gedeelte van Strubensvallei oorgeneem en sy eie kwekery net oorkant Strubensvallei begin. Versteeg potplantkwekery is gebore. Na skool het ek eers by Hadeco (blombolkwekers) gewerk en later by my pa aangesluit. Versteeg kwekery was baie bekend en het potplante gelewer regoor die destydse Transvaal en ook tot in Bloemfontein. Ek is intussen getroud met Levina Johanna (Vienie) Kruger (suster van Janette Botha). (Vienie is op 26 Augustus 1945 gebore in Johannesburg area). Uit ons huwelik is daar 4 kinders gebore.

Later het ek en my swaer ook 'n kwekery (Jabula Kwekery) in Brits begin waar ons veral kon fokus op die kweek van nuwe plante. Een van my groot liefhebberye was die kweek van Bromelias.

Vienie is in September 1988 oorlede aan kanker en ek is toe later met Susan Grace (Grace) le Roux getroud.

Sy was vroeër met Charles Erasmus getroud wat in 1984 oorlede is. Uit die huwelik is daar drie seuns gebore waarvan die middelste seun in 1988 oorlede is.

Tussen ons twee is daar dus tans 6 kinders en 12 lieflike kleinkinders.

Nadat ons Versteeg potplantkwekery verkoop het, het ons na Brits verhuis en verder op Jabula voortgegaan met die kweek van potplante. My oudste seun, Anton het hier by my aangesluit as kweker. In Brits het ek in 2000 ernstig siek geword met 'n aneurisme (bessie aneurisme op die boog van Willis). Ek was vir ongeveer 'n maand in 'n koma en het ook 'n operasie ondergaan om die betrokke bloedvate met ringetjies te versterk. Hierna het ek die Brits kwekery ook verkoop en afgetree.

Ek is die Here baie dankbaar vir sy troue sorg deur al die jare en baie dankbaar vir die goeie gesondheid wat ek na my ernstige siekte en tans nog, beleef.




**Clara de Jonge**
**11 Augustus - 82 jaar**

Ek is op 11 Augustus 1944, tydens die tweede wêreldoorlog in den Haag, Nederland gebore.

Ek is die middelste kind met n ouer suster en 'n jonger broer, wat later in SA gebore is.

In 1948 immigreer my ouers met 2 jong dogtertjies met 'n boot na Suid Afrika en stap ons 3 weke later op 6 April 1948 in Kaapstad, met slegs 'n tas vol klere en 4 pond, aan wal.

Vanaf Kaapstad het ons gesin per trein na Pretoria gereis, waar my ouers tot met hulle afsterwe, gewoon het.

My pa het vir sy gesin 'n huis in Rietfontein, teen die berg gebou, waar ek in Hoërskool Oos Moot in 1961, gematrikuleer het.

My man, wat ook 'n Nederlander was en ek het by dieselfde Nederlandse Maatskappy gewerk en ons 2 is in November 1969 getroud.

Ons het 5 kinders, 2 dogters en 3 seuns, wat almal nog in SA woon.

My man is in 2004 oorlede en was ek op 59 jarige leeftyd 'n weduwee en het nooit weer getrou nie.

Ek is baie lief vir klassieke musiek, veral Bach, Händel en Vivaldi.

Ek is besonder lief vir geestelike orrel musiek van Klaas Jan Mulder asook Martin Mans se verwerking van die Psalms.

Ek woon in Pierre van Ryneveld en is 3 jaar lidmaat van Rietvallei gemeente waar ek 'n wyksuster is en sopraan blokfluit speel tydens die oggend eredienste.

Ek is baie dankbaar dat ek op die oomblik nog goeie gesondheid mag geniet .

Ek besef terdeë dat elke dag net groot genade uit my Hemelse Vader se hand mag ontvang en dat my aardse tentwoning, namate ek ouer word, stadig maar seker afgebreek word, totdat ek na my Hemelse Vader se Huis mag verhuis.

SOLI DEO GLORIA. Aan God al die eer.

## Nuwe Sustersbestuurslid



Ons verwelkom graag vir Elri Oosthuizen as 'n Sustersbestuurlid.

Ons is 'n gelukkige, geseënde gesin van vyf – ek, my man en ons drie pragtige kinders. Ons is 'n besige gesin wat daarvan hou om saam tyd deur te bring en mekaar te ondersteun. Ons kinders geniet verskillende aktiwiteite, en ons dae is altyd vol pret en avontuur.

Ek en Jannie is 13 Jaar getroud, ons is lidmate van Rietvallei vir ook omtrent so lank.

Ek is 'n professionele rekenmeester en belastingkonsultant en help by Gr 2 katkisasie.

Alhoewel ons 'n baie besige lewe lei, is ons gesin vir my die belangrikste. Ek is baie dankbaar vir my man, ons kinders en die spesiale lewe wat ons saam in geloof bou.

# Seniors hou sop, brood en sjerrie byeenkoms

Delene Venter



Ons het op Saterdag, 15 Augustus, ons jaarlikse Sop, Broodjie en Sjerrie geleentheid gehad. Dit is een van die hoogtepunte van die jaar vir ons as die Senior Diensgroep waartydens ons die belangrikste mense van die gemeente, naamlik ons Seniors, so 'n bietjie wil bederf. .....en hoekom wil ons hulle bederf...om vir hulle dankie te sê vir die mooi en navolgingswaardige voorbeeld aan ons almal van hoedat hierdie fase, die Seniorfase, hanteer en ook geleef moet word!

Daar is ook goed gedink om die oggend 'n paar gedagtes rondom Seniorwees met mekaar te deel.

Een van ons seniors, Gerhard Yssel, het met 'n saamkuiergeleentheid 'n ruk gelede, onder andere die volgende gesê. *"Die Ouderdom laat 'n mens baie dinge/goed verloor, maar verseker baat 'n mens ook baie daarby."* Dit het die gedagte laat ontstaan dat dit die gepaste onderwerp is om by ons saamkuier geleentheid, met mekaar te deel.

Daar is toe, dit wat ons moontlik deur die Ouderdom kan verloor, teenoor dit wat ons daarby wen, uitgewys.

Die begrip van Tyd wat voorop kom staan by dit wat ons deur die Ouderdom wen, het ons laat besef dat, behalwe vir soveel ander waarvoor ons nou in hierdie Lewensfase tyd het, het ons tyd ook Tyd vir STILWORD, Introspeksie hou, met die besef dat daar oor elkeen van ons se lewe in hoofletters die volgende geskryf staan....

Dit alles is net...

**GENADE ONBESKRYFLIK GROOT!**

Wat 'n seën is dit om 'n Senior te mag wees!



Baie dankie aan Corne van der Merwe wat ons met die mooiste agtergrond musiek en haar musiek talent vergas het.

Eie aan die Senior Diensgroeplede se liefde vir ons Seniors, wat weereens sigbaar was in die keurig





versierde tafels, die voorbereiding van die 5 soorte soppe, broodjies, sjerrie, koffie en koeksisters, kon hulle ook beleef hoedat hul gaste, ons Seniors, dit weereens geniet het.

Mag ons, as Seniors, hierdie Spesiale Genadetyd geleenthede wat in hierdie Spesiale Lewensfase aan ons geskenk word, bywoon en altyd geniet!




Die Bybel is: die reisiger se pad-kaart, die pelgrim se staf, die loods se kompas, die soldaat se swaard, die Christen se landkaart, 'n myn van rykdom, 'n paradys van heerlikheid en 'n rivier van genot. (Anoniem)

# "Kyk wat doen 'n blazer!"
# Ons voorportaal trek 'n "nuwe baadjie" aan

*Almal het teen die tyd al seker ge-oe en ge-aah oor die "nuwe" voorportaal. En sommige mense wonder waarom dan nou die groot transformasie? Was dit regtig nodig? Kom ek vertel die verhaal van die voorportaal se blazer-moment, dan besluit julle self.*

Vir maande het baie mense begin praat oor die voorportaal wat darem so bietjie koud, vaal, oudmodies en afgeleef begin voel het. Dit het begin lyk soos 'n afgeskeepte of vergete area in ons andersins pragtige kerkgebou en -terrein. Soos die ou skoolbaadjie agter in die stowwerige hoek van jou klerekas. By een kerkraadsvergadering vroeg in 2026 is die saak weer geopper en daar is hoopvol gevra of iemand dalk bereid sou wees om leiding te neem. Toe die derde kriek in die doodste stilte begin kriek, steek sr. Doreen Bierman ewe braaf hand op terwyl sy by haarself dink: "Dit kan darem seker nie te moeilik wees nie?" Br. Gert Steyn tik haar liggies op die skouer en fluister: "Praat met tannie Lynelle, sy sal ook graag wil help." En tydens die vergadering bied sr. Janie Venter ook haar dienste aan. En so ontstaan (sommer tydens die einste kerkraadsvergadering) die "Voorportaal fixers", soos ons onsself gedoop het. Heel gepas, want ons het almal besef: die voorportaal moet beslis gefieks word! Die ou vergete skoolbaadjie moes 'n spog kerkblazer word…





**Die voorportaal voor die transformasie – vooraansig, sithoekie en oop area met die Skenk 'n Bybel-tafel.**

'n Maandelange proses van dink, beplan, "window-shopping", foto's en idees uitruil word in werking gesit. Die portaal se mates word geneem (amper soos 'n bruid wat haar laat opmeet vir haar bruidstabberd) en dan word die groot doel bespreek. Ons wou graag hê dat die ruimte die "gesig" van die kerk moes word – die eerste indruk van ons gemeente. Dit moes verwelkomend, warm en gesellig wees. Dit moes ook 'n huislike *kuierhoekie* hê waar mense voor kerk kan sit en kuier of lees, en waar kleiner Bybelstudies of beradingsessies gehou kon word. Iewers waar jou lyf én gees kan rus. Ons het ook 'n *uitstalarea* beplan waar elke diensgroep in ons gemeente geleentheid kan hê om hulle visie en missie aan die gemeente te kan kom bekendstel. Verder het ons ook 'n spesiale *boekrak-area* beplan vir br. Klaas Steyn se Bybelverspreidingsprojek, asook 'n *mini-biblioteek* waar gemeentelede Christelike literatuur kan geniet. Dus wou ons 'n reuse klomp goed in hierdie blazer se sakke instop... Maar as ons nou terugkyk, gaan ons hoogs waarskynklik oor 'n verloop van tyd meeste van hierdie doelwitte bereik.

Met 'n paar KI-voorstellings van wat ons by elke kleiner area wou doen as visie, vaar ons een Saterdag in Maart lekker vroeg die Brooklyn-omgewing se winkels in op soek na inspirasie. Ons drie dames het gou uitgevind dat ons oor meeste van die items saamstem, dat ons oopkop na mekaar se voorstelle kon luister en dat ons smaak genadiglik baie dieselfde is. Dit het sake sommer baie makliker gemaak. Ons was later die oggend só opgewonde dat ons Cielo se eie winkeluitstallings eiehandig verskuif het na 'n area in hul winkel waar ons ons eie voorportaal-replika gebou het! En nadat ons hier 'n voorsmakie van die eindproduk gekry het, was ons onkeerbaar opgewonde. Oor weke en maande het ons stoffering gekies, bestellings begin plaas en aankope begin doen. Gelukkig het een van die winkels waar ons meeste van ons stukke aangekoop het, in dieselfde tyd 'n maand of twee lank winskopie-aanbiedinge gehad en het ons die aanlynwinkel met 'n valkoog dopgehou. Sodra een van ons items op spesiale aanbieding was, het ons bestel en laat aflewer. Stuksgewys het ons meubels by die kerkgebou begin aankom en is dit in die moederskamer gestoor. (Ek kon self nie die versoeking weerstaan om elke nou en dan ná 'n erediens daar in te loer, na die kartonbokse te kyk en te begin droom oor wat sou kom nie.)

Intussen het die dames en hul gades solank die groter vertoonkas aanmekaargesit en die houtgedeelte langs die trap bruin geverf. Ons laaste meubels het uiteindelik einde Julie aangekom en daar is besluit om die groot finale transformasie tydens die langnaweek van Vrouedag te doen. In die week tot aanloop van hierdie



naweek, is br. Jaap van Jaarsveld haastig ingetou om die groot kruis vir ons ligter te verf. Ons het aanvanklik hierdie verfwerk heeltemal onderskat, want dit was eintlik 'n reuse taak omdat dit so hoog is – hy moes selfs die kerk se takelwerk hiervoor inspan! Die gemeente se eie werker, Sakkie, het ook sy lewe gewaag om die "sandblasting" (wat toe eintlik 'n lagie jarelange stof en aanpaksel was!) vir ons skoon te maak op die venstergedeelte van die kruis.



Terloops, jul sal oplet dat die swart kruis in die voorportaal nou baie beter sigbaar is as voorheen omdat dit so mooi kontrasteer met die ligter gedeeltes daarlangs. Nog 'n kosbare ontdekking (van bo van die takelwerk af) is dat die onderkant van die swart teelkruis voortgesit word dwarsoor die vloer van die voorportaal, en dan saamsmelt met die kruis van hout aan die voorkant van die kerkbegou. Ek moet eerlik wees dat dit die eerste keer was wat ek hierdie simboliek vir die eerste keer raakgesien het – na amper 20 jaar in die gemeente!



Ons het in die transformasie ook die fokuspunt van die kerkgebou verskuif na die pragtige geïllustreerde kunswerk wat in 2013 aan die gemeente geskenk is deur Carlien Visser as deel van Rietvallei se 25$^{ste}$ bestaansjaar. Gaan kyk gerus na die simboliek van hierdie kunswerk – dis werklik iets besonders!

Op Vrydag 8 Augustus het ons span dames en hul gades aan die werk gespring om alles te bou, te boor, te skuif en te organiseer. Sr. Annelie Kruger het spesiale reiniger gebring waarmee ons van die kleefgom van die baksteenmure kon verwyder. Die perspex kennisgewingborde is afgehaal om behoorlik te was, maar met die afhaalslag is daar besluit dat die pragtige mure beter lyk daarsonder. Die Koinonia-gangers het ook sommer kom hand bysit om swaar items te skuif of net motivering aan te bied. Vrydagaand het die portaal nog baie deurmekaar en halfvoltooid gelyk, maar ons kon bietjie skoei aan ons aanvanklike uitleg en plan.



Saterdagoggend vroeg is die laaste aankope van kleiner dekoritems gedoen en net na 11:00 daag die "planteman" met sy bakkievrag pragtige plante (ja, kyk maar – dis regte



egte plante!) op, en die plantewaagstuk werk uit. Alles ontplooi perfek om die finale prentjie behoorlik in te kleur, sodat die eindproduk op Vrouedag-Sondag aan die gemeente bekendgestel kon word. Dit was met die "big reveal" so verblydend om almal se positiewe gevoel oor die nuwe ruimte te kon sien en hoor. Die algemene opmerking was dat dit "meer huislik" is en dat dit mense sommer "welkom laat voel". Die doel het dus geslaag en ons kon nie meer dankbaar wees hiervoor nie.

Baie dankie aan almal wat op een of ander manier bygedra het tot hierdie wonderlike transformasie – van sr. Karen in die kerkkantoor wat meubelaflewerings ontvang en Scotchguard-toetse uitgevoer het, tot br. Thomas wat inderhaas sofapote moes afskroef en wat tydig en ontydig alarms moes afsit en hekke oop- en toemaak. En dan natuurlik: die drie fixers en hul eggenote (Waldo, Charl en Gert) wat so lekker saamgewerk het. Dit was 'n fees en 'n voorreg!

Die projek is egter nog nie heeltemal afgehandel nie. Ons beoog om nog 'n rondskuifbare kennisgewingbord te maak waar elke bediening in die gemeente geleentheid sal hê om hul dienswerk te kan kom tentoonstel. Ons hoop dat ander gemeentelede dit sal raaksien en hierby betrokke kan raak. Só wil ons graag hê dat dit lei tot groter onderlinge gemeenskap en uitbouing van God se koninkryk.

Dan vra ons ook dat u die Bybelverspreidingsprojek sal ondersteun – vul 'n koevertjie of pillehouertjie met geld en kom gooi dit in een van die glashouers op die groot vertoonkas. Skenk ook gerus enige gepaste Christelike literatuur vir ons mini-biblioteek. Indien enigiemand tydens eredienste van die houtknypborde gebruik wil maak, kry gerus een *binne-in* die buffetkas (hul is al bietjie afgeleef, so ons steek dit weg…). Daar is ook deurskynende plastiek-knypborde en penne op die groot vertoonkas wat gebruik kan word vir invullyste, sou diensgroepe dit benodig. En vir kouer dae, neem gerus 'n kniekombers uit die houtkis by die ingang.

Indien u enige verdere idees en insette het, skakel gerus met enige een van die Voorportaal-fixers hieroor. Kom ons geniet die "nuwe baadjie" en benut dit ten volle. Mag almal net soveel genot daaruit put as wat ons geniet het om dit uit te voer!

Groete in Christus, Voorportaal fixer nr. 3

# Gereformeerde Kerk Aliwal Noord

Ons hoor elke Sondag met die afkondigings, dat ons 'n spesiale woord van verwelkoming rig aan die GK Aliwal Noord wat inskakel by ons diens.

Ek het bietjie met hulle gesels om te hoor hoe dit met 'n plattelandse gemeente gaan, dit het my net meer laat besef hoe geseënd ons in GKR is.

Hier is GK Aliwal Noord se storie

Die GK Aliwal-Noord is in 1864 gestig. Die leraar van Reddersburg was destyds, ds J. Beyer as konsulent, die eerste leraar van die gemeente.

Eers in 1876 word ds. M. Pelser as ons eerste voltydse leraar beroep.



**Kerkgebou van die GK Aliwal Noord**
**Die hoeksteen is in 1906 gelê**

Ons kan daarop aanspraak maak dat prominente bekendes in die GKSA by ons betrokke was. Totius was hier met die Sinode in 1943, dr E.L.J. Venter was die predikant hier vir 27 jaar en prof G.P.L. van der Linde was ons leraar voordat hy na Potchefstroom verhuis het.

Die kerkgemeenskap destyds was hoofsaaklik by boerdery bedrywig en onder Kaapse bewind. Daar was wel dienste verskaf, soos die herstel van waens, voer vir osse en perde, en dan die tolgelde oor die Oranjerivier in beide rigtings.

Dit was eers tydens die Tweede Vryheidsoorlog wat verskeie invloede en beperkings op die kerkgemeenskap tasbare ingesteldheid veroorsaak het, hoofsaaklik as gevolg van die politieke sieninge in die breër gemeenskap. Genadiglik het dit nie na die plaaslike kerk oorgespoel nie, alhoewel die besetting van Aliwal-Noord deur generaal Olivier en sy onervare openbare bestuur baie ongelukkigheid veroorsaak het. Nadat die besetting deur die Britse magte omvêrgewerp is, kon Kerkraadsvergaderings egter nie gehou word sonder dat 'n Britse amptenaar teenwoordig was nie, en die taalkwessie tot 'n ontevredenheid gelei het. Vergaderings moes in Engels wees, en so ook notules. Die gevolg is - baie min vergaderings is gehou. Dit is egter 'n stuk geskiedenis wat op sy eie 'n lang storie kan word.

Om tot die hede terug te keer. Aliwal-Noord is nie bekend daarvoor dat dit 'n ekonomiese groeipunt is nie. Die primêre bedrywigheid is steeds die boerdery (bees en skaap, tesame met droëland en besproeiing - koring, mielies, aartappels, sojabone) langs die Oranje- en Kraairiviere. Volgens die munisipale afgebakende grense is Aliwal-Noord (nou Maletswai) die kleinste distrik in die land. Industrieë fokus primêr op herstel en instandhouding en daar is geen ontginning- of vervaardigings-infrastruktuur nie. Die gevolg is dat die jonger geslag die gebied noodwendig moet verlaat om werksgeleenthede te gaan soek in ander plekke waar daar 'n loopbaan is, gebaseer op hul tersiêre bekwaamheid.

Dit is belangrik om Klassis Burgersdorp hierby in te sleep. Die Klassis bestaan uit sestien gemeentes. Slegs twee gemeentes het voltydse leraars, te wete Burgersdorp en Oranjerivier, met Colesberg wat deur 'n emeritus bedien word. Dit word duidelik dat die Kerke hier nie 'n nood aan geloofstoewyding het nie, alhoewel die getalle min is, maar wel aan die bediening van die Woord deur 'n leraar. Die bestaande tegnologie laat ons in Aliwal-Noord tog toe om elke Sondag 'n erediens te kan ontvang. 'n Broeder ouderling het homself daartoe verbind om opnames van eredienste te maak en dan vir ons op 'n groot skerm te speel. Tegnologie kan egter om verstaanbare redes nie die betrokkenheid van 'n leraar in 'n gemeente vervang nie. Ons betrokkenheid is tans die preke van Pretoria-Montanapoort, nie om enige pertinente rede nie, eerder maar kontinuïteit. Sou hulle nagmaal hou, dan gebruik ons Rietvallei.

Die gemeente het tans veertig lidmate en vier dooplidmate. Net agtien lidmate is onder die ouderdom van sestig jaar. Al die dienende Kerkraadslede is die enigstes in die gemeente wat tot die dienste (ouderlinge is vyf, en diakens is vier, waarvan een 'n dame is) geroep kan word. Daar is nie meer ander in die gemeente nie. Die meeste lidmate bly in die aftree-oord. Een lidmaat bly in Zastron. Tog is ons relatief 'n hegte gemeente met die sekulêre invloed van die "misbruik" van

die Sondag vir ander geleenthede wat bywoning en meelewing ondergeskik stel, buite rekening gelaat.

Finansieel is ons nog in staat om die Kerk hier in stand te hou. Ons het ’n projek om beeste te teel en die opbrengs te gebruik vir die instandhouding van die erediens en om dié wat in nood is, te versorg. Bydraes is weens omstandighede min, maar ons slaag daarin om steeds kop bo water te hou.

Dit is nie ’n lys van klagtes nie. Dis eerder ’n weerspieëling van vasberadenheid om steeds ons Hoof van die Kerk volgens Sy woord te volg. Daarmee saam is ons as gemeente baie dankbaar dat daar steeds voorsien word in ons nood tot die verkondiging van die Evangelie op ’n wyse wat tot die versterking van ons geloof lei. Die meelewing van die kerkverband is deel van die riem onder die hart wat ons bemoedig om steeds te volhard en ons oë te rig op Hom alleen, Hy wat nooit die werke van Sy hande sal verlaat nie. Eweneens ook dat die poorte van die hel ons nie sal oorweldig nie.

As die gemeente van Aliwal-Noord wil ons ons dankbaarheid teenoor die GK Rietvallei uitspreek vir die belangstelling in die wel en weë van die GK Aliwal-Noord. Dit bevestig maar net dat ons nie alleen die stryd veg nie.

**Soos wat ons kan doen, het ons op 16 Augustus vir Ds Henk en Elsa Stoker op gepaste wyse terugverwelkom in die Gemeente**



# Rietvallei vier vrouedag - 9 Augustus

Wat 'n besonderse voorreg om Vrouedag saam met ons gemeente te kon vier! Dit was 'n oggend van saamkuier, bemoediging, liefde en dankbaarheid vir elke vrou wat deel is van ons kerkgemeenskap.

'n Spesiale dankie aan ons Susterbestuur vir die heerlike bederf en al die moeite wat julle gedoen het om hierdie dag so besonders te maak. Julle liefde en omgee word opreg waardeer!

Mag ons as vroue elke dag ons roeping uitleef, mekaar ondersteun en 'n lig vir ander wees.

*Beklee julle met liefde, wat die band van die volmaaktheid is.* – Kolossense 3:14



# Jeugaksie - Kwartaal 2

Wat 'n wonderlike aand van geloof, pret en samesyn! Meer as 60 kinders het ons Jeugaksie-aand bygewoon waar daar lekker speletjies gespeel is, nuwe vriendskappe gebou is en heerlike burgers geniet is.

Ons is ongelooflik dankbaar vir ons Graad 1–4 kategete wat met soveel liefde, toewyding en entoesiasme hierdie aand moontlik gemaak het. Julle diensbaarheid en bereidwilligheid om in ons kinders se lewens te belê, word opreg waardeer.

Ons bid dat elke kind iets van God se liefde ervaar het en met nuwe vreugde en geloof huis toe is.

"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want aan mense soos hulle behoort die koninkryk van God." – Markus 10:14

"Laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons oes as ons nie verslap nie." – Galasiërs 6:9

Baie dankie aan elkeen wat gehelp het om hierdie aand so besonder te maak. Ons sien reeds uit na ons volgende Jeugaksie-byeenkoms!












# Ek was honger - Ek het geklop

Wimpie Steenkamp

Dis oomblikke soos hierdie wat ek dikwels my ma hoor sê het : Matt 25 : 41,42,44,45

*"Dan sal die koning vir die mense langs hom sê : Gaan weg. Want toe ek honger was het julle my niks gegee om te eet nie,toe ek dors was het julle my niks gegee om te drink nie. Dan sal hulle vir die koning vra : Here,wanneer het ons U honger gesien en niks gegee om te eet nie? Dan sal die koning vir hulle sê : Ek sê vir julle en dit is seker. Toe julle dit nie gedoen het vir hierdie mense wat die minder belangrikste is nie het julle dit ook nie vir my gedoen nie."*

**Lyttelton - Saterdagoggend**

Naby die huis is daar 'n klein winkelsentrum. Of nee, dis dalk nie heeltemal so klein nie, maar daar is immers net twintig kleinerige winkeltjies.waarvan die "noodapteek" (Shoprite) die grootste is. Dis die grootste winkel in die sentrum en dan ook maar net so groot soos die doelgebied van 'n rugbyveld.

Ons noem dit die noodapteek omdat jy nie sommer jou volle maandelikse kruideniersware op een slag daar sal gaan koop nie. Alles wat jy soek is nie noodwendig daar beskikbaar soos by 'n groot afdelingswinkel nie en dis ook maar bietjie duurder. Maar dis die naaste aan die huis en dit is darem 'n supermark . Dus kom ons tog heel dikwels daar wanneer iets nodig raak.

'n Belangrike kenmerk van die sentrum is dat alhoewel daar nie groot winkels is nie, is daar groot verskeidenheid van klein winkeltjies. Veral wat die noodsaaklike betref. Behalwe die "noodapteek" is daar ook 'n regte apteek, PEP, Ackermans, Clicks,Romans, KFC, Postlink, Tuisnywerheid en 'n drankwinkel. O, en ook 'n "take away" toilet. (Dis nou 'n toilet waar jy geld in die tolhek moet gooi om toegang tot die badkamer te verkry en dan ook R2 vir 'n blokkie toiletpapier.)

Die Saterdagmiddag is ek vinnig weer "noodapteek" toe om brood ,melk en chips vir die aand te gaan koop. Ek sou met my bankkaart betaal want ek het nie kontant by my gehad nie.

Met die brood, melk en chips en 'n geel plastieksak is ek by Shoprite uit op pad kar toe. By die sentrum is daar egter soos oral ook altyd karwagte sowel as ander wat rondstaan en vir hulp vra.

"Middag meneer.Kan ek u pla asseblief" klink dit skielik hier langs my op. "Het u nie dalk vir my 'n paar rand nie. Ek wil graag melk vir ons baba gaan koop." Is die versoek.

En ek het regtig nie geld nie dus was ek nie mislik toe ek hom half ignoreer het nie. Ek het net aangehou stap kar toe sonder om iets te sê.

Op pad huis toe kom ma se Mattheus 25 weer in my gedagtes op. Ek kon hom nie help nie,want ek het nie gedl gehad nie. Buitendien as hy met so storie geld gaan kry om te gaan drink, is dit sy probleem.

"Maar ek kan mos net sowel vir hom die melk eerder gaan koop." kom die gedagte by my op..Ek maak 'n u-draai by die huis en ry terug na die sentrum toe.

By die sentrum gekom stap ek dadelik na die plek in die sentrum waar ek hom die laaste keer gesien het. Niemand. Ek stap na die plek waar hy my die eerste keer voorgekeer het. Niemand. Ek stap by Shoprite,Pep, Ackermans, Pharmlink, KFC en Postlink verby. Niemand. Ek stap verder selfs by die tuisnywerheid verby. Steeds niemand wat soos hy lyk nie. Ek wend my maar tot die drankwinkel en tot my verligting is hy ook nie daar nie.

Na 40 minute se rondstap in hierdie klein ou winkelsentrumpie van ons moes ek maar tou opgooi.Die "melkman" van my was nêrens te vinde nie. Ek het maar teruggekeer huis toe.

My hart het leeg gevoel. "Ek was honger en julle het my niks gegee om te eet nie". "Ek het 'n blik melk vir my babatjie nodig gehad en jy het my nie gehelp nie. Hierdie woorde het in my kop rondgehardloop.

Die volgende week het Centurion gemeente se Bybelskool vir die kwartaal begin met die tema : GOD se Engele" Elke week het 'n ander aspek van engele behandel. Ek het dit begin bywoon. Die derde week was ek maar baie stil tussen al die ander mense."Want" het ek gedink, " Die man wat 'n blik melk gevra het, was dalk 'n engel wat die HERE op my pad gebring het en ek het nie gehelp nie, en ek kon eintlik.

**Centurion Winkelsentrum - Donderdagmiddag**

Op pad huis toe van die werk af moes ek eers by die winkels stop om 'n paar goedjies te kry. Ek moes ook iets van die telefoon gaan uitvind. Nadat ek parkeer en die kar gesluit het begin ek aanstap na die sentrum se ingang. Van voor af is daar 'n jong dame ook besig om aan te stap in die teenoorgestelde rigting. Skielik weer 'n stem langs my.

"Askies oom. Kan oom my dalk help met 'n bietjie geld?" "Nee ek kan nie vandag nie." is my antwoord en ek loop verder. Wanneer mens op jou eie stap is jou onderbewussyn met jou kop en jou hart besig sonder dat jy spesifiek en doelbewus aan iets dink.

Net voor ek by die sentrum se deure sou instap laat my onderbewussyn my onthou van ma se Mattheus 25, van Samuel se brood en van die "Melkman" se baba. Sonder om weer te dink draai ek in my voetspore om.

Ek stap terug en ek gaan soek haar. Sy kan nie vêr weg wees nie Ek stap op my spore terug kar toe waar sy laas met my gesels het, maar ek sien nie die meisie nie.

“Ag HERE, mag hierdie asseblief nie weer ‘n engel wees wat ek in die steek laat nie.” kom dit onwillieurig in my gedagtes op.

Toe sien ek haar! Sy is al ‘n hele entjie af in die parkeerterrein en ek moet ‘n draffie vang om by haar te kom en ek vra haar waarmee ek haar kan help. “As oom nie geld het nie sal melk, brood en blikkiesvleis baie help asseblief oom.” Ek sê aan haar dat sy net daar by die kar vir my moet wag want ek is op pad na die winkel toe en sal vir haar iets saambring. Dit kan dalk so twintig minute neem.

Ek is haastig by Checkers in vir ons paar goedjies en hare. (Die navraag by Telkom is vergete.) Ek stap met ‘n Checkers sak uit op pad kar toe. Ek sien haar nie. Toe ek by die kar kom en dit begin oopsluit staan sy op waar sy aan die anderkant van die kar op die randsteen gesit het. Ek haal ons brood, melk, appels en tandepasta uit die sak uit en sit dit in die kattebak neer. Die sak met die res van die inhoud gee ek aan haar. Brood, melk, blikkie soutvleis, hoenderpastei en ‘n Lunch Bar sjokolade.

“Baie dankie oom.Ek waardeer dit baie. Mag oom ‘n geseënde aand verder hê.” sê sy met ‘n glimlag en oë wat blink.

Ek het ‘n verskil in iemand se lewe gemaak, al was dit net vir ‘n oomblik.

Ek het in die kar geklim en met vrede in my hart huis toe gery.

Vrede, want ek het die klop aan die deur gehoor en oopgemaak.

# Plante van die Bybel

**Gaan haal gou jou Bybel! In die Woordsoek is die name van plante in die Bybel weggesteek. Skryf die naam van die plant neer langs die teks wat ek gee. Onthou: in van die tekste is daar meer as een plant, maar ek het net een gebruik ... Lekker soek!**

**DIE OPLOSSING IS OP BLADSY 28.**

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | D | R | E | F | T | S | G | S | L | E | R | R | I | M | B |
| I | R | E | B | R | B | S | E | Y | E | S | U | D | R | A | N |
| S | E | D | P | W | K | P | A | I | D | I | U | R | K | N | O |
| O | G | N | E | I | A | E | R | V | J | E | S | W | A | N | L |
| P | N | A | T | R | N | L | M | K | M | T | G | E | D | A | P |
| E | I | J | A | W | E | T | E | L | O | R | N | L | I | O | A |
| L | W | L | A | I | E | I | S | P | A | O | E | O | L | B | L |
| L | A | O | L | L | L | H | L | N | L | L | R | Y | O | T | M |
| I | M | K | W | G | M | M | A | U | I | A | F | E | K | B | B |
| D | A | A | Y | E | I | A | B | E | P | B | T | O | I | R | O |
| O | N | I | N | R | T | T | S | L | O | O | M | A | P | W | O |
| F | D | S | T | B | V | H | T | O | D | Y | P | V | N | D | M |
| F | E | E | V | O | G | N | M | S | N | S | Y | N | A | E | H |
| A | L | Y | Y | M | H | U | I | L | B | O | O | M | R | B | Y |
| N | S | O | V | E | V | L | A | S | L | E | N | S | I | E | S |
| U | G | N | I | R | O | K | S | G | N | I | R | O | D | O | R |

Genesis 37:30 __________
Matteus 23:23 __________
Jeremia 51:8 __________
Jesaja 35:7 __________
Esegiël 4:9 __________
Hosea 9:13 __________
Esegiël 2:7 __________
Genesis 35:8 __________
Joël 1:12 __________
Eksodus 12:22 __________
Openbaring 19:11 __________

Numeri 11:7 __________
Jesaja 28:27 __________
Nehemia 5:2 __________
Lukas 12:27 __________
2 Samuel 23:11 __________
Psalm 78:24 __________
Hooglied 3:6 __________
Sagaria 1:10 __________
Spreuke 7:17 __________
Hooglied 4:13 __________
Jesaja 35:1 __________

Job 15:33 __________
Psalm 58:9 __________
Jesaja 41:19 __________
Genesis 30:37 __________
Jesaja 28:25 __________
Spreuke 31:13 __________
2 Samuel 16:2 __________
Habakuk 1:16 __________
Psalm 137:2 __________
Miga 4:4 __________